## H.P. Grebe

*Op die keper beskou: Oor die ontstaan van Afrikaans*

Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 2012
167 pp. ISBN 9780627030215

*Op die keper beskou*, met as subtitel: *Oor die ontstaan van Afrikaans,* bevat die belangrikste insigte van H.P. Grebe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en veral die standaardisering daarvan. ′n Hooftema is stellig sy weerlegging van die "skynbaar steeds gekanoniseerde opvatting van Oosgrensafrikaans as die basisdialek van moderne Standaardafrikaans" (p.8). Hierdie werk, wat in die jaar na Hein Grebe se oorlye in April 2011 deur Van Schaik Uitgewers uitgegee is as no. 4 in die Talatalareeks, is keurig geredigeer deur twee van sy kollegas van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria, Nerina Bosman en Hein Willemse. Aan die einde is aantal huldeblyke van kollegas en vriende opgeneem en word verantwoording gedoen van die uitgawe.

Die stof is in drie afdelings verdeel. Die eerste is ′n kritiese beskouing van die belangrikste teorievorming oor die geskiedenis van Afrikaans en die standaardisering daarvan, vanaf D.C. Hesseling in die laat 19de eeu tot Ana Deumert in die vroeë 21ste. In die tweede afdeling word die Oosgrenshipotese in verband met die oorsprong van Standaardafrikaans aan ′n kritiese ontleding onderwerp. In die lig van die standaardiseringsopvattings van Hans den Besten en veral Ana Deumert lewer Afdeling 3 verslag van Grebe se dialektologiese navorsing in die Swellendamdistrik, waaruit onder andere blyk dat die "Burgerafrikaans" van dié gebied nie noemenswaardig verskil van wat as "Oosgrensafrikaans" beskou word nie en waardeur lig gewerp word op die rol van identiteitskonstruksie as dryfkrag in die standaardisering van Afrikaans.

Vroeë standpunte oor Afrikaans kom in die eerste hoofstuk aan die orde. Volgens D.C. Hesseling kry Afrikaans sy beslag tussen 1658, toe die eerste slawe aangeland het, en 1685. Ofskoon Hesseling sosiale omstandighede deeglik in ag geneem het, het hy tog ′n "ietwat ongenuanseerde beskouing" (Grebe 2012: 16) daarop nagehou omdat hy nie die heterogene aard van Nederlands/vroeë Afrikaans aan die Kaap genoegsaam in berekening bring nie.

D.B. Bosman verskil van Hesseling deur nie Maleis-Portugees as aanleidende oorsaak van die vorming van Afrikaans te sien nie. Hy beweer dat in soverre Afrikaans nie ′n ′spontane′ ontwikkeling van Hollands is nie, dit ′n ontwikkeling is van Hollands hoofsaaklik onder die invloed van die Nederlands van vreemdelinge. G.S. Nienaber kyk volgens Grebe aanvanklik eurosentries na Afrikaans en sien die bydrae van die slawe en Khoi-Khoin oor die hoof. Na 1994 verander hy egter van standpunt en sien hy die nasate van die Khoi-Khoin na 1800 as bruin Afrikaners wat ′n vorm van Afrikaans praat. Standaardafrikaans word vir hom "die resultaat van taalverplasing met behoud van normale oordrag", waardeur dit "rekenskap (gee) van die *Afrikakonteks* waarin dit gegroei het" (Grebe 2012: 27). Grebe wys dan ook ′n belangrike tekortkoming in die geskiedskrywing oor die ontstaan van Afrikaans aan: "[D]ie klem word te sterk gelê op die Nederlandse wortels van Afrikaans sonder dat ook aandag gegee word aan die *Afrikaanse* stukrag in die ontstaan van ′n nuwe taal hier in Afrika in die monde van die oerinwoners van die bakermat" (Grebe 2012: 27).

Onder die "nuwer beskouinge oor Afrikaans" behandel Grebe eerstens die werk van J. du P. Scholtz, wat taal "wesenlik vanuit ′n sisteembenadering" bestudeer (Grebe 2012: 33). Hiermee is nie fout te vind nie, "maar om hierdie sisteem as sodanig as die oorheersende rede te sien van taalverandering is wel problematies" (Grebe 2012: 35). Die taalgebruik van vreemdelinge is vir Scholtz slegs van belang in soverre dit bestaande tendensies versterk. Omdat Scholtz hom op die taalgebruik van geletterdes toespits, laat hy "die taalgebruik van die grootste gedeelte van die spraakgemeenskap [...] onverantwoord" (Grebe 2012: 31). E.H. Raidt word deur Grebe as "′n geesgenoot van Scholtz" beskou en van ′n "eurosentriese instelling" beskuldig (Grebe 2012: 39). Sy probeer ′n prinsipiële onderskeid tussen "gebrekkige verwerwing / gebroke taal", enersyds, en pidginisering / kreolisering, andersyds, tref en beweer dat daar nooit ′n algemene pidgin bestaan het nie, sodat Afrikaans nie ′n kreool of semi-kreool kan wees nie. Raidt sien taalverandering as ′n geleidelike proses van herstrukturering, wat die uitskakeling van wanbalanse ten doel het. F.A. Ponelis se benadering sluit volgens Grebe by dié van Bosman aan, maar hy werk dit vollediger uit binne Thomason en Kaufman se model van taalkontak. Afrikaans is vir hom die resultaat van ingrypende taalkontak wat daartoe gelei het dat verskillende interlekte en die akrolek — die naaste vorm aan die doeltaal — in ′n kreoolse kontinuum in ′n nuwe sisteem geïntegreer is. Die sterk matrilektiese (Hollandse) taalgemeenskap het betreklik lank behoue gebly en ′n behoudende rol gespeel voordat dit met die akrolektiese interlek saamgesmelt het, sodat Afrikaans sowel Nederlands as kreools is.

Volgens Grebe onderskei M.C.J. van Rensburg twee niestandaardtaallae: die aanleerdersvariëteite (intertaalvorme) van Khoi-Khoin, slawe en nie-Nederlandse koloniste en die taal van die lae sosiale kring van die nedersetters (Nedersettingsnederlands) (Grebe 2012: 47). Afrikaans is volgens hom "′n wesenlik onveranderde voortsetting van Niestandaardnederlands met enkele oornames uit intertaalvariëteite van Nederlands" (Grebe 2012: 48) — ′n siening wat Grebe as te simplisties beskou. Grebe gee vervolgens ′n uiteensetting van H. den Besten se opvattings oor die pidgins wat aan die Kaap ontstaan ("Proto-Afrikaans I") en wat na 1850 met Kaaps-Hollands ("Proto-Afrikaans II") versmelt tot ′n algemene Afrikaanse koine met dialektiese differensiasie, wat die basis vorm van Standaardafrikaans (Grebe 2012: 53). Hy situeer Den Besten binne ′n "konteksgevoelige

variasiebenadering", wat sowel aan die sosiale konteks van taalverandering as die strukturele, reëlbeheerde aard van taal aandag skenk, en beskou die versoening van dié twee perspektiewe as die groot verdienste van sy werk. Ofskoon Grebe nie 'n afdeling aan die Amerikaanse taalkundige Paul Roberge wy nie, merk hy tog op dat daar — teenoor Den Besten se twee taalbane — vir Roberge vóór standaardisering 'n "dinamiese, sosiale dialekkontinuum" bestaan (Grebe 2012: 57). Standaardafrikaans is die resultaat van 'n fundamentele reorganisasie van dié kontinuum. Ook by Roberge is dit egter nog steeds onduidelik hoe die versmelting verloop.

Teenoor die siening dat basilektiese Kaaps-Hollands reeds sedert omstreeks 1800 as lae variëteit in 'n diglossiese verhouding met Nederlands bestaan het en bloot tot standaardtaal verhef kon word, stel Ana Deumert dat daar tot vroeg in die 20ste eeu 'n komplekse sosiale, geografiese en etniese taalstratifikasie en 'n wye variasiespektrum bestaan het. Sy toon aan hoe daar deur prosesse van fokussering en seleksie 'n nuwe standaardtaal "gekonstrueer" is om enersyds aan te pas by politieke en sosiale ideale van dié tyd en andersyds met metropolitaanse Nederlands te kontrasteer.

In Afdeling 2 word na die Oosgrens-hipotese as teoretiese konstruk gekyk. Hierin reageer Grebe op Van Rensburg se siening dat Oosgrensafrikaans ontwikkel het "uit niestandaardvorme van Nederlands wat gepraat is deur die Vryburgers en veeboere wat later die binneland ingetrek het", in die vroeë 19de eeu vir 'n kort periode aan die Oosgrens gestabiliseer het, daarna deur die binneland versprei het en die basis vir moderne Standaardafrikaans geword het (Grebe 2012: 67). Hy wys op 'n groot "tussengebied" waarvan nie rekenskap gegee word nie. En as "Kaapse Afrikaans" nie die taal van die burgerbevolking insluit nie en die bevolking van die tussengebied nie Oosgrensafrikaans gepraat het nie, "word 'n [...] beduidende gedeelte van die Afrikaanssprekende bevolking rondom die tyd van die Groot Trek nie deur die drie-dialekhipotese, soos uiteengesit deur Van Rensburg, verdiskonteer nie" (Grebe 2012: 71).

Grebe se eie navorsing oor die taalgebruik van ou inwoners van die Swellendamse distrik, wat die tussengebied verteenwoordig, dui daarop dat dit sterk ooreenkom met die kenmerke van Oosgrensafrikaans en dus die geldigheid van die siening dat Standaardafrikaans op Oosgrensafrikaans gebaseer sou wees, ondermyn (Grebe 2012: 73). Hy noem ook die moontlikheid dat "ander sosiale faktore as gewoon die geografiese" (Grebe 2012: 74) deurslaggewend kan wees om die basis van Standaardafrikaans te bepaal en miskien uitgegaan moet word van 'n taalkontinuum soos deur Paul Roberge voorgestel.

Die teoretiese status van die begrip Oosgrensafrikaans word in hoofstuk 4 onder die loep geneem. 'n Opvallende probleem is dat talle taalverskynsels wat as kenmerkend van sowel Oosgrens- as Standaardafrikaans voorgehou word, ook in ander variëteite voorkom. Hy stel voor dat Oosgrensafrikaans *sosiolekties* in plaas van geolekties gedefinieer word, as 'n dialek "wat hoofsaaklik gepraat is deur die burgerbevolking en ander lede van dieselfde spraakgemeenskap van oorkant die eerste Kaapse bergreekse tot aan die negentiende-eeuse Oosgrens" (Grebe 2012: 82), en dat "Burgerafrikaans" 'n gepaster benaming daarvoor sou wees.

In Afdeling 3, met die titel "Standaardafrikaans en die konstruksie van identiteit", is artikels opgeneem wat op verskillende tye elders verskyn het en op sienswyses oor

die standaardisering van Afrikaans, en ten slotte veral op Deumert se gedagte van identiteitskonstruksie, reageer. In hoofstuk 5 sluit Grebe veral aan by wat Den Besten Proto-Afrikaans I (aanleerdersvariëteite) en Proto-Afrikaans II (die voortsetting van Kaaps-Hollands) noem, en bring hy dit in verband met die taalgebruik van die dagboekie van Johanna Duminy en sy eie dialektologiese opnames uit die distrik Swellendam. Albei val buite die Oosgrensgebied. Die behoud van hierdie verskynsels teenoor die totale verdwyning daarvan in Standaardafrikaans bied steun vir Den Besten se opvatting dat die twee Proto-Afrikaanse strome omstreeks 1850 saamgevloei het.

Hoofstuk 6 handel veral oor standaardisering as die konstruksie van identiteit. Deumert neem die bestaan van " ′n wye spektrum aan spreekwyses" tot aan die begin van die 20ste eeu aan, sodat bepaalde kenmerke van moderne Standaardafrikaans "nie oortuigend verklaar kan word deur één onderliggende basisdialek te veronderstel nie" (Grebe 2012: 114). Grebe demonstreer hierdie uiteenlopendheid deur die tweede ontkenning (nie-2) en die diminutiefsisteem van Afrikaans onder die loep te neem. In hoofstuk 7 toets Grebe Deumert se siening van die standaardiseringsproses, wat op die "Korpus Kaaps-Hollandse korrespondensie" berus, aan die hand van ′n preekbundel (van sy grootvader) uit die vroeë 20ste eeu. Sy analise verleen steun aan Deumert se opvatting dat die standaardisering van Afrikaans selfs aan die begin van die 20ste eeu nog nie afgehandel was nie. In hoofstuk 8 is ′n transkripsie opgeneem van ′n onderhoud wat hy in 1989 gevoer het met ′n blanke boervrou van 92 wat haar lewe in die Swellendamse distrik deurgebring het en nie aan buite-invloede blootgestel was nie. Tien uit die twaalf kenmerke wat in die literatuur aan Oosgrensafrikaans toegeskryf word, is by haar aangetref. Dit dui volgens Grebe moontlik op ′n kontinuum met sowel geografiese as sosiale determinante, wat ′n "herbeskouing van die definiëring van Oosgrensafrikaans"(Grebe 2012: 139) noodsaaklik maak en steun bied vir Deumert se opvatting dat Standaardafrikaans nie op ′n enkele dialek terug te voer is nie.

**Slotwoord**

Benewens die eenheidskeppende tema van die ontstaan en standaardisering van Afrikaans toon Op die keper beskou ′n progressie vanaf vroeëre teorieë (ook chronologies behandel) hieroor en ′n kritiese kyk op die kanonisering van Oosgrensafrikaans as die uitsluitlike grondslag van moderne Standaardafrikaans, tot nuwere opvattings oor standaardisering. Van hierdie opvattings word op gepaste wyse van ′n taalkundige onderbou voorsien deur die ontleding van toepaslike taalverskynsels en die aanbied van empiriese gegewens. Dit is trouens ′n leitmotiv van die werk dat teorieë taalkundig begrond moet word en dis jammer dat die skrywer nie die geleentheid gegun is om verder hierop voort te bou nie.

**Jac Conradie**
Universiteit van Johannesburg
jacc@uj.ac.za